STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRYS 40c PRICE
Plus AVB/GST
BUITELANDS 50c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 230

KAAPSTAD, 29 AUGUSTUS 1984
CAPE TOWN, 29 AUGUST 1984

No. 9382

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1785. 29 Augustus 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 124 van 1984: Wet tot Aanvulling van Pensioene, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1785. 29 August 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 124 of 1984: Pensions (Supplementary) Act, 1984.

WET

Om voorsiening te maak vir sekere pensioene, toekennings, gratifikasies en ander voordele.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 12 Julie 1984.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Toekenning van sekere voordele.

1. Ondanks andersluidende wetsbepalings is iemand wat in 'n item van die Bylae vermeld word, op die in daardie item vermelde voordele geregtig.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wet tot Aanvulling van Pensioene, 1984.

Bylae

1. By die toepassing van die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet No. 84 van 1976), word Rachel H Human, weduwee van wyle Skutter A P Human, No 65383390, 1 Valskermbataljon, ondanks andersluidende bepalings van daardie Wet, met ingang van 2 Maart 1983 geag 'n weduwee te wees soos in artikel 4 *(d)* van daardie Wet bedoel en daar word vanaf daardie datum aan haar 'n pensioen van R3 477,60 per jaar betaal.
2. Daar word, as 'n spesiale geval, aan E Masters, voorheen Beheertegnikus, Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, met ingang van 1 Januarie 1981, uit die Poskantoorfonds as 'n jaarlikse pensioen 'n bedrag betaal gelyk aan die verskil tussen die bedrag van die jaargeld waarop hy kragtens die wette op die Regeringsdienspensioenfonds op daardie datum geregtig sou gewees het indien hy sy diens terugdateer het tot 16 Oktober 1936, en die bedrag van die jaargeld wat aan hom kragtens genoemde wette op eersgenoemde datum betaalbaar was.
3. By die toepassing van artikel 6 (1) *(d)* van die Regeringsdienspensioenwet, 1973 (Wet No. 57 van 1973), word Salome L Breetzke, 'n onderwyseres in diens van die Natalse Provinsiale Administrasie, geag die reg te behou het om met pensioen uit diens te tree by bereiking van die leeftyd wat voorgeskryf word deur 'n wet wat die voorwaardes van haar diens by genoemde Administrasie reël en wat op 31 Maart 1969 van krag was.
4. Daar word, as 'n spesiale geval, aan L C Marais, voorheen Lughawekelner, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, met ingang van 1 Julie 1984 'n jaargeld betaal gelyk aan die verskil tussen die jaargeld wat op 1 Julie 1984 ingevolge die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971 (Wet No. 35 van 1971), aan hom betaalbaar sou gewees het indien hy op daardie datum uit diens getree het soos in daardie Wet beoog en die jaargeld wat op daardie datum ingevolge daardie Wet aan hom betaal is.

ACT

To provide for certain pensions, grants, gratuities and other benefits.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 12 July 1984.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Granting of certain benefits.

1. Notwithstanding anything to the contrary in any law, a person mentioned in an item of the Schedule shall be entitled to the benefits specified in that item.

Short title.

2. This Act shall be called the Pensions (Supplementary) Act, 1984.

Schedule

1. For the purpose of the Military Pensions Act, 1976 (Act No. 84 of 1976), Rachel H Human, widow of the late Rifleman A P Human, No. 65383390, 1 Parachute Battalion, shall, with effect from 2 March 1983, notwithstanding anything to the contrary in that Act contained, be deemed to be a widow referred to in section 4 *(d)* of that Act and there shall be paid to her a pension of R3 477,60 per annum with effect from that date.
2. There shall be paid, with effect from 1 January 1981, as a special case, to E Masters, formerly Control Technician, Department of Posts and Telecommunications, from the Post Office Fund as an annual pension an amount equal to the difference between the amount of the annuity to which he would have been entitled on that date in terms of the laws on the Government Service Pension Fund had he antedated his pensionable service to 16 October 1936 and the amount of the annuity which was payable to him on the first-mentioned date in terms of the said laws.
3. For the purposes of section 6 (1) *(d)* of the Government Service Pension Act, 1973 (Act No. 57 of 1973), Salome L Breetzke, a teacher in the service of the Natal Provincial Administration, shall be deemed to have retained the right to retire from service on pension on attaining the age prescribed by or under any law regulating the conditions of her service with the said Administration and which was in force on 31 March 1969.
4. There shall be paid, with effect from 1 July 1984, as a special case, to L C Marais, formerly Port Steward, South African Transport Services, an annuity equal to the difference between the annuity which would have been payable in terms of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971 (Act No. 35 of 1971), to him on 1 July 1984 had he retired from service on that date as contemplated in that Act and the annuity which was paid to him on that date in terms of that Act.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3991/12 400
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3991/12 400